Hoërskool McLachlan
Posbus 3
Joubertina
6410
042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 28/07 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023:**

Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

2. **Finansies:**

- Busgeld vir 3de kwartaal moet asb. teen 31 Julie betaal word.
- Daar is steeds kopieerkoste-/skryfbehoeftegeld uitstaande. Betaal asb. voor einde Julie.

3. **ATKV-Tienertoneel:**

Die tienertoneelgroep neem op 9 Augustus by "The Little Theatre" in Port Elizabeth deel.

Toneelrepetisieprogram:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 31 Julie: | 14:30 – 16:45 | [Almal] |
| Dinsdag, 1 Aug: | 07:30 – 16:00 | [Almal] |
| Woensdag, 2 Aug: | 14:30 – 16:40 | [Almal] |
| Donderdag, 3 Aug: | 14:20 – 16:30 **of** 17:15 – 19:15 | [Kleed- en tegniese repetisie] |
| Saterdag, 5 Aug: | 08:30-11:30 | [Slegs akteurs] |
| Maandag, 7 Aug: | 17:30 – 19:30 | [Kleedrepetisie-Almal] |
| Woensdag, 9 Aug: | 06:00 | [vertrek na PE] |
| | 10:00 | [Little Theatre] |

Indien enige leerder vir ons swart langbroeke (jeans) en langmou t-hemde het om te leen, sal ons dit hoog op prys stel. Dit sal mooi opgepas word en terug besorg word. Juf. Janine sal verandwoordelikheid daarvoor aanvaar.

4. **Sport:**

Op Saterdag, 22 Julie 2023, het van ons netbalspanne teen Glenwood in George deelgeneem.
Die o/15's en o/19's het ook teen St George, 'n skool van Engeland, gespeel.
Uitslae was as volg:

| | |
|---|---|
| *o/14 - | wen Glenwood |
| *o/15 - | wen Glenwood en St George |
| *o/19B - | wen Glenwood<br>gelyk op teen St George |
| *o/19A - | verloor teen Glenwood en teen St George |

Op Woensdag, 26 Julie 2023, het Koukamma o/15-proewe plaasgevind. Ons wag steeds vir die uitslae.
Ons wil geluk sê aan die volgende leerders wat uitgenooi was om deel te neem:

Marlu Kritzinger
Divan Malambo
Rihano Stuurman
Lincoln Draai
Christiaan Korkee
Luaan Barnard
Elcino Oliphant

Op Dinsdag, 25 Julie, het die landloop atlete aan die sesde liga deelgeneem. Drie van ons atlete het skitterend presteer.

- Tashwin Maree [3de plek]
- Kiana Mayia [1ste plek]
- Kara Roberts [1ste plek]

Ons wag nog om te hoor wie almal vir die Sarah Baartmanspan gekies is.

5. **VCSV KAMPE VIR KWARTAAL 3:**

**Gr 1-2** Kiddiekamp Jeffreybaaikampterrein: 1-3 Sept. 2023 @R550 [alles ingesluit]. Sluitingsdatum: 24 Aug.

**Gr 3-4** Provinsiale kamp Jeffreybaaikampterrein: 18-20 Aug. 2023@R550 [alles ingesluit]. Sluitingsdatum: 10 Aug.

**Gr 7** Provinsiale kamp Jeffreybaaikampterrein: 11-13 Aug 2023@R550. Sluitingsdatum: 3 Aug.

Inligting in verband met inskrywings kan by juffrou Lieshe du Preez gedoen word.

**Gr 8-12** Provinsiale kamp Jbay: 29 Sept. tot 3 Okt. 2023 gedurende die September-skoolvakansie. Verblyf, 3 etes per dag saam met baie pret en avontuur word gewaarborg teen R950- Sluitingsdatum: 18 September 2023

Inligting in verband met inskrywing kan by mnr. Johan Schlechter gedoen word.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 945

Hoërskool McLachlan
herotel IGEN